SA STAMBOEK STUD BOOK

# 2025 NASIONALE ELITE *Toekennings*

## Bulgroeitoetsklas



### Jumardi Santas – FF220038

Jumardi bulle het goeie breedte tussen hulle oë, sterk oogbanke, 'n goed ontwikkelende onderkaak asook 'n breë bek. Hulle het sterk nekke met goeie kantspier-ontwikkeling wat vol by die skouer aansluit, en 'n goedgeplaaste skof wat bulle se manlike eienskappe beklemtoon. Ander uitstaande eienskappe sluit in gladde stertaanhegting, sterk-gevormde bene, hoewe met hoefdiepte, 'n gladde haarkleed, sowel as goed-ontwikkelde testes. Bulle ondergaan jaarliks Fase C- en D -toetse. FF220038 het 2de geeindig in die Bulgroeitoetsklas.



## Platinum Vleisbees-koei



### Valley Venture - VV140100

VV140100 het sewe kalwers gespeen en van haar vier bulkalwers is drie reeds as stoet-bulle verkoop. Haar verskalwers is almal in die stoetery opgeneem. By haar op die foto is haar agste kalf en sy is tans weer dragtig. Haar koeiwaarde- en produksiewaarde indeks is 126 en 125 onderskeidelik, en haar vrugbaarheid- en melkproduksie-indeks albei 122. Haar kalwers het 'n gemiddelde speengewig van 293kg. VV140100 was die wen-koei in die Platinum vleisbees-koei afdeling vir die Santa Gertrudis Genootskap.



# Beste Telersgenootskap-jaarverslag




Alle telersgenootskappe moet volgens SA Stamboek se Grondwet jaarliks verslag doen oor hul aktiwiteite. Daar is sekere minimumvereistes om te bepaal of elke Telersgenootskap die vereistes van die *Diereverbeteringswet, 1998 (Wet 62 van 1998),* nakom en reg bestuur. SA Stamboek moedig hul lede aan om volledig en innoverend oor hul aktiwiteite verslag te doen. Hierdie toekenning gee erkenning aan die administrasie van die kantoorpersoneel, innovering van die raad en die deeglikheid waarmee die genootskap hul lede bedien in belang van die betrokke ras. Belangrik van hierdie verslag is die innovering waarmee inligting oorgedra word, die korrekte weergee van raads- en jaarvergadering besluite, die gebruik van illustratiewe maniere om boodskappe oor te dra, gemaklike inhoudsopgawe en kruisverwysings, en die algemene voorkoms. SA Stamboek is trots op sy lede: die top telersgenootskappe van Suid- en Suider-Afrika (en elders). Die beste Telersgenootskapjaarverslag-wisseltrofee gee erkenning vir die harde werk en diens as aansporing vir elkeen in die bedryf.

Die onderstaande telersgenootskappe was finaliste in die SA Stamboek Nasionale Elite 2025: Beste Telersgenootskapjaarverslag-kategorie:

Boran Beestelersgenootskap van SA

- Santa Gertrudis Beestelersgenootskap van SA
- SA Boerperd-telersgenootskap

**SANTA GERTRUDIS BEESTELERSGENOOTSKAP JAARVERSLAG WAS ONDER DIE TOP 3 VERSLAE**



# Beef Cattle

## REGIONAL AWARDS

These awards identify the top Elite Stud Herds in South Africa. Herds received Gold are the top 10% of stud breeders in the country.  Points are awarded for timeliness and completeness of measurements and the successful use of this information to improve management and increase general profitability of the herd.

Die toekennings gee erkenning aan telers wat by SA Stamboek se Logix-stelsel aanteken. Die kriteria fokus op kalwingsdata, kuddegrootte, geboortegewig, speengewig, koeigewig, 12- en/of 18-maande gewigte en die aantekening van data.

| NAME | REGION | AWARD |
|---|---|---|
| KAIROS VELD SANTA`S | NW | GOUD |
| SANTARIFIC SANTA STOET | WFS | GOUD |
| SCOTSTON FARMS (PTY) LTD | MP | GOLD |
| BENRO BOERDERY | NW | SILWER |
| BRITZ FAMILIE TRUST | WFS | SILWER |
| EDE FARMING | MP | SILVER |
| G.P. BRITS | NW | SILWER |
| J.P. COETZEE | WFS | SILWER |
| J.P.F. HARDING | NW | SILVER |
| TADEO SANTA`S | NW | SILWER |
| D.T. VAN RENSBURG | NW | BRONS |
| G.J. GROBLER | NW | BRONS |
| NETTIQ PTY LTD | MP | BRONZE |
| P.D. JACOBS | MP | BRONS |
| PINEKLOOF TRUST | EFS | BRONZE |
| PINNACLE STUDS PTY LTD | EFS | BRONZE |
| S.E. JANSE VAN VUUREN | MP | BRONS |
| CREDUNT FARM HOLDINGS PTY LTD | GP | MERIETE |
| DE VILLE BOERDERY (EDMS) BPK | MP | MERIETE |
| DIE ERIKA KLEYNHANS TRUST | WFS | MERIETE |
| DIE GROBBELAAR BOERDERY TRUST | EFS | MERIETE |
| FABEL-R TRUST | GP | MERIETE |
| H. DU TOIT | GP | MERIETE |
| H.B. LOUWRENS | MP | MERIETE |
| H.J. KLEYNHANS | WFS | MERIETE |
| J.A. DU PLESSIS | NW | MERIETE |
| J.P. BOTMA (JNR) | WFS | MERIETE |
| KOCH FAMILIE TRUST | WC | MERIETE |
| KOOS LOCK (PTY) LTD | NW | MERIETE |
| L. DE LANGE | LP | MERIETE |
| M.B. MASIRE | XBW | MERIT |
| P.J. NIEMAND | WC | MERIETE |
| RED ROCK SANTAS | NW | MERIETE |
| REMAN BOERDERY (EDMS) BPK | MP | MERIETE |
| SANBACH TRUST | EFS | MERIETE |
| SANT-A-MÉ STOET | EFS | MERIETE |
| T. DE JAGER | NW | MERIETE |
| TREGENNA FARMING (PTY) LTD | KZN | MERIT |
| TRIO BOERDERY | WFS | MERIETE |